DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG



# Die Basuin

**01 SEPTEMBER 2019**


Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com


**Tema 2019 - VOLUIT VIR GOD**

| | |
|---|---|
| **OGGENDEREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Luk 19: 28 - 44 |
| **Tema** | Ons Here gee vir ons om |
| | Psalm 118: 1, 2<br>Skrifberyming 12-2: 4, 5<br>Skrifberyming 8-1: 1, 2<br>Psalm 23, Ps 116<br>Skrifberyming 10-2<br>Psalm 115: 7, 9 |

EREDIENSTE VANDAG:

Oggend: 09H00
Aand : Geen

Terwyl die skare sing en dans, huil Jesus. Hy huil omdat die mense Sy missie verkeerd verstaan. Hulle waai klere en palmtakke. Vandag ry die nuwe koning van Israel die stad binne. Dawid se erfgenaam gaan nou oorneem. Rome se tyd is verby. Maar hulle mis die oomblik van versoening. Hulle verwerp die Christus, soos Adam God verwerp het. God kom in reddende liefde. Daarom moet ons reg verstaan. Die grootste wonder is die versoening aan die kruis. Jerusalem, plek van kruis, word plek van vrede vir ons. Ons eet en drink vandag konkreet God se liefdesdaad. God se kruisplan het gebeur, sodat ons tot in ewigheid verlos, dankbaar en juigendbly kan wees.



# DATUMS OM TE ONTHOU

| | | | |
|---|---|---|---|
| **01 September** | **Kollektes** | **Tydens erediens:** | Diakonale sorg |
| | | **By deure:** | Spesiale fonds |
| **02 September** | **18H00** | Breëkerkraadsvergadering | |
| **07 September** | | Lentetee | |



# KATKISASIE

Daar sal geen katkisasie wees nie weens Nagmaal. Ons begin weer DV 08 September.

# KONSISTORIEDIENSBEURT 01 SEP 2019

**Diensbeurt:** Wyk C2 **Katkisasie:** Geen

**Ouderling:** Cassie Carstens **Diaken:** -

# OOG VIR MEKAAR

- Heidi de Villiers het Donderdag 'n verdere amputasie aan haar voet ondergaan. Ons bid dat die kwaad nou gestop is. Mag die Here hierdie gesin in Sy troue sorg dra.
- Gerda Coetzer was die afgelope week in die Mediclinic. Ons is dankbaar dat dit beter gaan. Sy is tuis.
- Ons bid vir Lida Borman en Gerdien Kuijpers wat behandeling ontvang. Ons bede is dat ons liefdevolle God julle sal versorg en elke dag dra.
- Antoinette Sauerman het 'n prosedure aan haar knie gehad. Ons bid vir haar spoedige beterskap. Sy versorg ook haar man, Hannes, wat dimentia onderlede het. Hy kan nie vir homself sorg nie.
- Ons bid vir almal wat tans siek is. Ons bede is dat ons Vader julle sal versterk. Ons is saam met julle dankbaar waar daar beterskap is.

# BEDANKING

Die Aktiwiteitskommissie wil graag die gemeente bedank vir hulle bydraes met Vrydag se basaar. Sonder die hulp van ons gemeente is soortgelyke aksies net nie moontlik nie. Ons sê dankie vir al die skenkings, kontant bydraes en hulp wat die kommissie ontvang het. Ons dank ook die kommissie vir al hulle beplanning, reëlings en harde werk om die basaar moontlik te kon maak. Met aksies soos die basaar en die kerkkamp later die maand is die Aktiwiteitskommissie besig met gemeentebou en doen die kommissie n beroep op deelname van die gemeente om gemeentebou te bevorder.

Johan Maritz

# NAGMAAL ETE

*Moet nie vergeet van ons nagmaalete vandag nie.*

*Sien julle almal 12H00 hier by die kerk!*

NB : ONTHOU JULLE EIE EETGEREI !

**Ons sien uit daarna om heerlik saam met u elkeen te kuier.**

# TEESKINKBEURTE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **01 September** | Nagmaal | **08 September** | Rioni Combrink | D2 |
| | | | Candace vd Walt | D2 |
| | | | Welma vd walt | D2 |
| | | | Ina Hamman | D2 |
| | | | Elzia Boshoff | D3 |



**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

## LENTETEE

Lentetee 7 September om 10H00 by AGS kerk, h/v Jorrisen en Potgieterlaan. Koste beloop R100 per kaartjie. Die spreker is Dr Mari Laas! Haar tema is, innerlike seën wys uiterlik as ons geestelik sterk is sal ons hande werk vir die Here! Skryf nou jou naam op die kennisgewingbord - hoop ons sien julle almal daar.

## SKOENDOOSPROJEK - 7 SEPTEMBER

Ek herinner die susters aan die skoendoosprojek vir September se lente tee. Hierdie projek is ons omgeeprojek vir behoeftige mense. Jy kan vir n dame, dogter, seun of ’n man pak, met wat jy ekstra in die huis het. Kom ons raak betrokke. Dit verskaf so baie vreugde as hulle so ‘n boks ontvang. As u meer inligting benodig kontak vir Brenda by 082 696 9227. Baie dankie dit word opreg waardeer.

## GEMEENTEKAMP 20-22 SEPTEMBER

Die lys is op die kennisgewingbord. Bespreek jou plek vroegtydig. Betalings kan solank gedoen word in die Aktiwiteitskommissierekening of u kan by Daleen betaal.

**Gereformeerde Kerk Pietersburg Begroting Opsomminig tot einde Julie 2019**

**2019 Begroting Opsomming**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 2019 Bydraes Begrooting op 5% | R 1 941 457.97 | 2019 Totale Uitgawes | R 2 279 003.56 | Tekort 2019 | -R 337 545.59 |
| Gem. per maand | R 161 788.16 | Gem. per maand | R 189 916.96 | Tekort per Maand | -R 28 128.80 |
| 2019 Bydraes | R 991 974.56 | 2019 | R 1 087 116.29 | Tekort 2019 | -R 95 141.73 |
| Gem. per maand | R 141 710.65 | Gem. per maand | R 155 302.33 | Tekort per Maand | -R 13 591.68 |
| 2018 Bydraes | R 1 097 669.24 | | | | |
| 2018 Gem. per | R 156 809.89 | | | | |

Bydraes het geval per maand R 15 099.24


**Maandeliks Opsomming op 5% Verhooging.**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Gem. Bydrae per lidmaat | **R 349.43** | Tekort per Lidmaat | **-R 60.75** | Lidmaat Totaal | **463** |
| Gem. Uitgawe per lidmaat | **R 410.19** | | | | |

Die tekorte sal moet uit die Investec Rekenning onttrek word.

| | | |
|---|---|---|
| Getrek die jaar uit Investec | R 465 000.00 | R 77 500.00 |
| Investec Saldo 31/06/2019 | R 5 652 339.81 | |
| Investec Saldo 31/06/2019 | R 5 687 042.08 | |

Finansies Kommisie



# BYBELSTUDIE

Die lys van Bybelstudiegroepe wat elke week vergader is soos volg:

| Groepleier | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Gideon de Klerk (082 805 8947) | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Dinsdag, 09:30 | Kerkgebou |
| Johan van Biljon (082 388 2117) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Elzanne Botha (076 572 0991) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Annemarie Bakker (082 484 6267) of André Bakker (083 457 1711) | Woensdag, 19:00 | Herculesstraat no.6 |
| Alta Theron (015 – 296 2168) | Donderdag, 09:30 | Wesselstraat no.148 |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Woensdag, 18:30 | Bendor Pastorie |
| Betsie de Witt (084 209 4220) Marlene Hoogendyk (083 648 5397) | Sommige Sondae na katkisasie | Kerkgebou |

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word**

Kontak Alta indien daar lidmate is wat in gesinsverband of tuisbybelstudie wil doen, altatheron@vodamail.co.za

| | |
|---|---|
| Gebed | Openbaring |
| Daniël | Dood en hiernamaals |
| Joël | Jakobus |
| Maleagi | Die duiwel maak sin |
| Miga | Hebreërs |
| Nahum | Die lewende kategismus |
| Groei in die Gees | Beproewing |




**Bybelstudies ook beskikbaar op die webblad www.gereformeerd.co.za**

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met sr. Elzánne Botha kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per epos na die kerk se e-posadres stuur.

**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**



# KALENDER



| *Verjaarsdae* | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Belydend/ Doop** | **Sel/Tel no.** |
| Ma.– 02 Sep. | Roald Pretorius<br>Zan-Mari Weideman | D<br>B | 071 588 1903<br>- |
| Di. - 03 Sep. | Christa Carlisle<br>Alfrieda Lessing | B<br>B | 082 923 9845<br>083 636 4057 |
| Wo.– 04 Sep. | Jan-Hendrik Hoogendyk | D | 083 703 5920 |
| Vr. - 06 Sep. | Antonette Albertyn<br>Amé Semet | B<br>D | 082 895 9150<br>082 937 3763 |
| Sa. - 31 Aug. | Veroneque Lessing | D | 083 627 4751 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 01 Sep. 2018 | Jani & Tyler Botha | 1 | 060 630 2355 |
| 01 Sep. 2001 | Lukas & Heidi de Villiers | 18 | 065 915 5598<br>061 410 9282 |
| 02 Sep 2017 | CC & Benita Barkhuizen | 2 | 072 028 1966<br>071 609 1633 |

**BEROEPE ONTVANG**

Ds GM Boersema (Marnix) van Graaff Reinet na Reitz/ Lindley kombinasie

**BEROEPE AANVAAR**

Proponent JC Potgieter (JC) na Reformed Church Tshwane

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Elzánne Botha<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>admin@gereformeerd.co.za<br>www.gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Koster**<br>Elzánne Botha<br>015 296 0054<br><br>**Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| | **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| | **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| | **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| | **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*"Toe Hy nog nader kom en die stad voor Hom sien, het Hy daaroor gehuil"*

*Lukas 19:41*

***Almal is hartlik welkom vir 'n koppie tee of lekker boeretroos na afloop van die erediens***



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS